**Kennis geskied hiermee van die 16de**

# <u>VOLKSVERGADERING van die GELOFTEVOLK in SUID-AFRIKA</u>

21-22 September 2024nM; Holfontein [Ottosdal].

[**Jak.4:15b As JHWH [die HERE] wil en ons lewe, dan sal ons dit of dat doen.**

## Tema:

### Jes.29 met die klem op vers 1(b)
### Voeg jaar by jaar; laat die feeste hulle kringloop volbring

<u>Hierdie byeenkoms is in terme van Deut.16:16-17, 'n MOET:</u>

**Deut.16:16-17** Drie maal in die jaar moet al jou manne **voor die Aangesig van JaHWeH jou EL** *[die HERE jou God* **(1)***]* verskyn **op die plek wat Hy sal uitkies**; op die Fees van die Ongesuurde Brode en op die Fees van die Weke en op die **Huttefees**; en hulle mag nie met leë hande voor die Aangesig van JaHWeH verskyn nie; elkeen volgens die gawe van sy hand ooreenkomstig die seën van JaHWeH jou EL *[die HERE jou God]* wat Hy jou gegee het.

Geagte Volksgenoot

U word hiermee uitgenooi na die volk se verskyning voor die Aangesig van JaHWeH tydens die volgende Huttefees. Die Huttefees herinner aan die veertigjarige verblyf in tente in die woestyn, waarna Israel die Beloofde Land ingetrek het. Die 40 jaar laat mens dink aan die Tema se verwysing na jare wat bymekaar gevoeg is en die feeste wat hul kringloop volbring. Israel het op die 10de dag van die eerste maand oor die Jordaan getrek, hul besny, die Pasga en die Fees van Ongesuurde Brode eerbiedig en terselfdetyd Jerigo verower. Die vernaamste gebeurtenisse van Israel se geskiedenis vind van die begin af op die feeste plaas.

Die feeste waarvan die tema spreek, is dieselfde feeste waarna Deut.16:16 verwys en van ons verwag word om as volk voor JaHWeH *[die HERE]* te verskyn. Dit is tydens hierdie feeste dat JaHShuah *[Jesus]* die nagmaal ingestel het en Sy lewe vir ons opgeoffer het en die Heilige Gees uitgestort is. Dit is dus nie vreemd nie. Dit is ook nie afgeskaf soos sommige predikers redeneer nie. Die apostels het dit herdenk. Baie van ons kom jaarliks rondom Paasfees, wat ook as Pasga en Pesag bekend staan bymekaar om Nagmaal te vier. Pinkster en die Huttefees word ook herdenk. Indien u nog nie u Bybelse feesdae tot hul reg laat kom het nie, is hierdie 'n gulde geleentheid om daarmee te begin.

Die tema verwys na die feeste wat hul kringloop moet volbring en jare wat saamgevoeg moet word wat na die einde van 'n reeks van jare kan verwys. Dit gaan gepaard met die benoudmaking van Ariel, wat Leeu van El beteken en 'n simboliese verwysing na Jerusalem is.

Die temahoofstuk- Jesaja 29, maak ook melding van 'n tyd van benoudheid weens blindheid waarin Israel weggedwaal het van JaHWeH. Het ons as volk nie ook van Hom weggedwaal nie? Wat sal die gevolg wees van ongehoorsaamheid m.b.t. die nakoming van die feeste soos

[1] **In ons Bybels is JaHWeH met die HERE vertaal** en JaHShuah met Jesus. Die name "die HERE" en "Jesus" kom nie in die oorspronklike geskrifte voor nie. Ons verkeer in 'n tyd waarin die profete leuns spreek en Sy Naam met Baäl vervang – Jer.23:26-27. Vader JaHWeH het Sy Naam geheilig - van ons lippe verwyder - Eseg.36:20-23. Ons betree die tyd waarin Hy weer Sy Naam aan ons bekend maak – Eseg. 39:7 en Hos.2:15-16. Jammerlik is daar nog predikante wat voort gaan met leuens oor die Heilige Name en dié wie die Heilige Name gebruik, as Israel – visie verdag maak.

Deut.16:16-17 van spreek? Wat sou die gevolg wees om nie ons geloftes te betaal nie? Die antwoord is dat die werke van ons hande verwoes sal word [Deut.23:21-23]; dat ons volgens Deut.28 en 29 in die benoudheid van 'n strafgerig sal verkeer. Ons huidige situasie spreek verseker van 'n strafgerig. Die positiewe aspek van 'n strafgerig is dat ons hemelse Vader ons tugtig; dat Hy ons liefhet en ons by wyse van die strafgerig tot bekering wil bring. In blindheid versuim ons onwetend ons geloftes- ons kom nie die Paardekraal gelofte na nie en ignoreer die oorspronklike bewoording van die Bloedrivier gelofte. Ons heil lê nie by die stembusse nie, maar in die nakoming van ons geloftes en die nakoming van die afspraak wat die Almagtige Elohijm *[God]* met ons gemaak het om as volk die feeste te herdenk waar dit Hom behaag.

Hierdie uitnodigings word jaar na jaar uitgestuur, en net 'n klein klompie volksgenote is getrou aan Deut.16:16. Hulle laat my dink aan die ellendige en geringe volk duskant die riviere van Kus wat by JaHWeH skuiling soek, nl. die oorblyfsel van Israel soos in Sefánja opgeteken is. Die geringe volk laat my dink aan die Engel van JHWH wie aan Gideon verskyn het toe hy in die skuiling van 'n parskuip koring uitgeslaan het sodat die menigte Midianiete dit nie sou verwoes nie, en daarna met die verkleinde kommando van 300 man in geloof en gehoorsaamheid aan JaHWeH die ontelbare menigte Midianiete, Amalekiete en die kinders van die Ooste verslaan het.

Toe Josua en die volk die Beloofde Land ingetrek het, het die Engel van JaHWeH met 'n ontblote swaard aan hom verskyn en gesê dat Hy die Leerowerste van JaHWeH is. Ons weet dat daardie Engel JaHShuah was [2]. Een van die komende byeenkoms se besprekingspunte sluit hierby aan, nl.: **JaHShuah is die Leerowerste van die Teokrasie van die Boererepublieke**. Dit bring ons baie nader aan die vervulling van die visioen aan Niklaas van Rensburg m.b.t. die Vierkleur wat weer sal wapper en "Ons kry 'n volmaakte republiek van 'n volmaakte God," [3].

Hiermee die besprekingspunte **[in aksent aangedui]**, wat by wyse van raadpleging en lotsbeslissing [4] ontvang is, en die verband wat hulle met mekaar kan hê:

Dit is ook Hy wie met ons spreek soos **Hebreërs 1** van getuig: Dit is ook Hy wie aan die Regterhand van El [God] gaan sit het; aan Wie gesê is: "Ek sal vir Hom 'n Vader wees, en Hy sal vir My 'n Seun wees."; Want Dawid self het deur die Heilige Gees gesê: "Die HERE *[JaHWeH]* het tot my Here *[JaHShuah]* gespreek: Sit aan My regterhand totdat Ek U vyande gemaak het 'n voetbank van U voete" **- Mark.12:35-37.** Alles is immers aan JaHShuah *[Jesus]* oorgegee deur Vader JaHWeH; en niemand weet wie die Seun is nie, behalwe die Vader, en wie die Vader is nie, behalwe die Seun en hy aan wie die Seun dit wil openbaar **- Luk.10:21-22.** JaHShuah is ons Koning, maar ook die Gesalfde oor Sion. Dawid vertel die volgende: JaHWeH het aan My [JaHShuah] gesê: U is My Seun, vandag het Ek self U gegenereer **- Ps.2:6-7.**

Daar is dus verskeie besprekingspunte wat handel oor die Wese van Vader en Seun en Gees, maar ten spyte van die openbaarmaking van die Seun deur die Vader, en van die Vader deur die Seun[5] en beide deur die Heilige Gees, is daar nog baie debat oor die Wese van God Almagtig onder Skrifgelowiges, want Hulle openbaar Hulself slegs aan wie Hulle wil en verberg Hul vir ander, vanwaar die verskillende oortuigings.

Ons huidige situasie herinner aan **Jeremia 22,** toe die konings van Juda in gehoorsaamheid aan JaHWEH *[die HERE]* volgens die wet moes regeer. Indien nie sou die land 'n puinhoop en woestyn word en vreemdes sou oor hulle regeer. Ons ervaar dieselfde aangesien ons eie politieke en kerklike regeerders die verbond met JaHWeH verlaat het en 'n multigodsdienstige parlement

---

[2] Eks.23:20-23, Mal.3:1.

[3] Visioen 359, 447 en hoofstuk 3.3.3.3 – DIE VIERKLEUR WAPPER WEER, AWG RAATH & N VAN ZYL.

[4] Hand.1:15-26 en Sef.1:6.

[5] **Spr 30:4** Wie het na die hemel opgeklim en neergedaal? Wie het die wind in sy vuiste versamel? Wie het die waters in 'n kleed saamgebind? Wie het al die eindes van die aarde vasgestel? **Hoe is sy Naam? En hoe is die Naam van sy Seun**—as jy dit weet?

geskep het en die land gevolglik 'n puinhoop geword het, en word onskuldige bloed vergiet en word onregverdige wins gemaak soos Jes.22 teen waarsku.

Ons situasie herinner ook aan Juda se ballingskap toe hulle vreemde vroue getrou het en eers met hul terugkeer na Jerusalem tot die besef gekom het dat dit wetlik ontoelaatbaar is. Hulle moes die onwetttige huwelike beëindig alvorens hulle die huis van JHWH kon herstel- **Esra 9**. Dit spreek ook tot ons met die stigting van die huis van die Geloftes van Bloedrivier en Paardekraal.

Vir die stigting van hierdie huis, wat 'n Teokrasie sal wees [6], sal Babilon tot 'n val moet kom. Daar is nie plek vir afgode en hul dienaars in die Teokrasie van die Boererepublieke nie. **Babilon sal vergeld moet word** soos sy ons vergeld het - **Op.18,19, Jer.50,51.** Hierdie vergelding sal skeiding maak tussen die oorblyfsel van Israel en die ander nasies, wat besig is om die NWO [BRICS] tot stand te bring om die Dier en sy merk ter wille te wees – Op.17 en 13. Dit sal aanleiding gee tot die groot verdrukking wat oor die aarde sal kom waarop die **Wederkoms van JaHShuah** sal plaasvind.

Met die wederkoms in gedagte, moet hulle wat hul daarvoor beywer om onder die koningskap van JaHShuah te leef, se behae wees in die wet van JaHWeH *[die HERE]*, en moet Sy wet dag en nag oordink word **- Ps.1:2.** Deel van die wet wat dag en nag oordink moet word is die verskyning van die volk voor die Aangesig van JaHWeH tydens die feeste soos **Deut.16:16-17** van spreek. Hierdie feeste sluit aan by die dae, jare en vaste tye soos in **Gen.1:14-18** opgeteken is.

Die herdenking van die feeste op die vasgestelde tye is net vir Israel en spreek van die uitleef van die verbond. Nie soos wat hulle gedoen het in die dae voor en na Elia, toe hulle vermeng het en die afgode aanbid het en die tempelaltare afgebreek het en die wet en feeste verwerp het, wat vergelykbaar is met ons huidige multigodsdienstige samelewing. Destyds het Elia ervaar dat hy alleen oorgebly het, en nie geweet het van die 7000 uitverkorenes wat JaHWeH laat oorbly het wat die knie voor Baäl nie gebuig het nie. So is daar vandag ook 'n oorblyfsel van Israel deur die genade soos **Rom.11:1-13** van spreek wat wêreldwyd verstrooi is.

'n Deel van hierdie oorblyfsel is die ellendige en geringe volk hier duskant die riviere van Kus wat tans gebuk gaan onder 'n strafgerig weens **Veertig jaar van gelofteversuim** van die Gelofte van Bloedrivier. Hierdie gelofteversuim het ook betrekking op die nie-nakoming van die Paardekraal gelofte deur die volk, wat jaarliks op 16 Desember te Paardekraal voor die Aangesig van JaHWeH moet verskyn en beide die geloftes moet betaal. **Die volksherdenking van die Paardekraal gelofte is vanuit hemelse perspektief 'n voorvereiste vir die stigting van die Teokrasie van die Boererepublieke,** maar sommige leiers van die volk is verleiers en maak nie die outentieke geloftes [Eindnota [i]] aan die volk bekend nie en hou die volk in terme van Deut.23:21-23 gevange binne die huidige bestel. Ons eie leiers weerhou ons as volk sodoende van Soewereiniteit binne Gelofteverband.

Toe Israel destyds die Beloofde Land ingetrek het, het die Engel van JaHWeH as Leerowerste aan Josua verskyn. Dit sluit aan by die besprekingspunt: **"JaHShuah is die Leerowerste van die Teokrasie van die Boererepublieke".** By die vorige byeenkoms was: "Die koningskap van JaHShuah *[Jesus]* t.o.v. die Teokrasie van die Boererepublieke." ook 'n besprekingspunt. Dit kom daarop neer dat JaHShuah die Koning én Leerowerste van die Teokrasie van die Boererepublieke is. As Leerowerste is Sy taak om die volk te lei met die stigting van die huis van

[6] https://www.volksvergadering.co.za/Documents/20151029112141_item_2012-Referaat---Vervulling-van-die-1838-Gelofte.pdf

die Bloedrivier Gelofte [7] waardeur die Teokrasie tot stand sal kom [8 en 9]. Verder impliseer die teenwoordigheid van 'n Leerowerste dat konflik dreig.

Hierdie konflik laat mens dink waarom **Esegiel 35** spreek van vreugde wat oor die wêreld sal kom wanneer Edom [die Jode] verdelg gaan word omdat hulle vyandskap koester teen die ware Israel [12 Stamme [10] ], vir wie Edom as spys geneem het gedurende JHWH se afrekening met Israel. Edom was vrolik oor die erfdeel van die huis van Israel. Jammerlik besef die wêreld nog nie wie die Jode werklik is nie, hulle dink dat die Jode die Uitverkore Volk is. Dit is immers die Jode wat onken dat JaHShuah die MaShiJaH *[Jesus die Christus]* is, waardeur hulle die Vader en die Seun verloën soos **1Joh.2:22-23** van spreek. Hoe kan die Antichriste dan Israel wees? Hulle is die sinagoge van Satan [11]. Dit is hulle wat ons lewens soek en sluit aan by Dawid se nood soos in **Ps.40** opgeteken. Dawid het ook nie geskroom om die blye boodskap van geregtigheid in die groot vergadering te verkondig nie en spreek van die wet wat binne in sy ingewande is.

Hierdie vergadering kom dan tot einde met **Deut.30:1-8** waarin die hele verloop van Israel se geskiedenis geprofeteer is. Binne die vervulling van hierdie profesie ywer ons as Geloftevolk dat ons Leerowerste ons terug sal bring in die land van ons vaders- die Boererepublieke wat ons geloftegrond is [12]. Mag ons lot binne gelofteverband verander word in aanloop tot die lotsverandering en bekering en terugkeer na Israel vanuit ons wêreldwye verstrooiing en ons harte besny word en ons na JHWH se Stem sal luister en Sy gebooie in liefde sal leef.

# PROGRAM

## Tema:

**Jes.29 met die klem op vers1(b)**

Voeg jaar by jaar; laat die feeste hulle kringloop volbring-

## Plek: Holfontein [Ottosdal]

**Padbeskrywing na die terrein:**

- Vanaf Coligny neem die Hartbeesfontein pad vir 24km, draai regs op Bospoortpad vir ongeveer 29,4 km. Neem afdraai na regs op Holfonteinpad (grondpad) vir ongeveer 1km, by huis aan linkerkant draai regs deur motorhek weer vir ongeveer 1km tot op die terrein.
- Vanaf Hartbeesfontein neem die Colignypad vir ongeveer 28km. Draai dan links op die Bospoortpad vir ongeveer 29,4 km. Neem afdraai na regs op Holfonteinpad (grondpad) vir

[7] "My broers en mede landgenote, hier staan ons nou vir 'n oomblik voor die Heilige God van hemel en aarde, om 'n belofte aan Hom te beloof, dat, sou die HERE aan ons die oorwinning gee, ons 'n huis tot nagedagtenis van Sy grote Naam sal stig waar dit Hom sal behaag en smeek ons vir die hulp en bystand van God om hierdie gelofte verseker te kan volbring; en sal ons die dag van oorwinning in 'n boek aanteken ten einde dit bekend te maak selfs tot aan ons laaste nageslag sodat dié dag tot die eer van God gevier mag word".

[8] https://www.volksvergadering.co.za/Documents/20151029112141_item_2012-Referaat---Vervulling-van-die-1838-Gelofte.pdf

[9] **Die 2009 Volksvergadering verklaar as volg:**
**Besluite:**
1. Die Geloftevolk se vrywordingsproses moet geskoei word op die grondslag van die Volksgeloftes.
6. Die toekomstige staatsmodel van die vrye Geloftevolk, Skrifgefundeerd (op Bybel gegrond) moet wees.
9. Dat die nakoming van die Volksgeloftes 'n Teokratiese staatsmodel vereis. 'n Komitee is saamgestel om die funksionering van 'n Teokratiese staatsbestel te ondersoek om by 'n volgende Volksvergadering aan die Volk voor te lê vir oorweging.

[10] Hand.26:6-7

[11] Op.2:9 en 3:9

[12] https://www.volksvergadering.co.za/Documents/20151029112141_item_2012-Referaat---Vervulling-van-die-1838-Gelofte.pdf

ongeveer 1km, by huis aan linkerkant draai regs deur motorhek weer vir ongeveer 1km tot op die terrein.

- Vanaf Ottosdal neem die Bospoortpad vir 13.3km. Draai dan links op Holfontein pad vir ongeveer 1 km. Kyk uit vir motorhek op regterkant regoor huis [op linkerkant].
- Vanaf Lichtenburg neem die Ottosdal pad vir 57 km draai links op Holfonteinpad (grondpad) vir 12km. Motorhek dan op linkerkant regoor huis.

# Sakelys:

## 21 September 2024

| | | |
|---|---|---|
| 08h00 - 08h30 | **Opening en ordening.** | |
| 08h30 - 09h00 | Hebreërs 1 | Tienie Dumas |
| 09h00 - 09h20 | Bespreking | |
| 09h20 - 09h50 | Markus 12:35-37 | Conrad v Niekerk |
| 09h50 - 10h10 | Bespreking | |
| 10h10 - 10h30 | Blaaskans | |
| 10h30 - 11h00 | Lukas 10:21-22 | Pieter Breytenbach |
| 11h00 - 11h20 | Bespreking | |
| 11h20 - 11h50 | Psalm 2:6-7 | Dirk Bothma |
| 11h50 – 12h10 | Bespreking | |
| 12h10 – 12h40 | Jeremia 22 | Kobus Botes |
| 12h40 – 13h00 | Bespreking | |
| 13h00 - 14h00 | Ete – selfvoorsienend. | |
| 14h00 - 14h30 | Esra 9 | Carel Lehmann |
| 14h30 – 14h50 | Bespreking | |
| 14h50 – 15h20 | Openbaring 18&19 en Jeremia 50&51- Vergelding van Babilon | Flip Swanepoel |
| 15h20 - 15h40 | Bespreking | |
| 15h40 - 16h00 | Blaaskans | |
| 16h00 - 16h30 | Die wederkoms van JaHShuah | Pieter Kruger |
| 16h30 – 16h50 | Bespreking | |
| 16h50 – 17h20 | Psalm 1:2 | Henko Steenkamp |
| 17h20 – 17h40 | Bespreking | |
| 17h40 – 18h10 | Deuteronómium 16:16-17 en Génesis 1:14-18 | Niklaas Buys |
| 18h10 – 18h30 | Bespreking | |
| 18h30 | Dag afsluiting | |

## 22 September 2024

| | | |
|---|---|---|
| 08h00 - 08h30 | **Opening en ordening.** | |
| 08h30 - 09h00 | Romeine11:1-13 | Migael Lombard |
| 09h00 - 09h20 | Bespreking | |
| 09h20 - 09h50 | Veertig jaar van Gelofteversuiming | Pieter Swanepoel |
| 09h50 - 10h10 | Bespreking | |
| 10h10 - 10h30 | Blaaskans | |
| 10h30 - 11h00 | Die belangrikheid van die Paardekraal gelofte vanuit hemelse perspektief ter stigting van die Teokrasie van die Boererepublieke | Flip Swanepoel |
| 11h00 - 11h20 | Bespreking | |
| 11h20 - 11h50 | JaHShuah is die Leerowerste van die Teokrasie van die Boererepublieke | Hansie Swanepoel |
| 11h50 – 12h10 | Bespreking | |
| 12h10 – 12h40 | Eségiël 35 | Phillip Groenenstein |
| 12h40 – 13h00 | Bespreking | |

13h00 - 14h00 Ete – selfvoorsienend.
14h00 - 14h30 1Johannes 2:22-23 Tienie Dumas
14h30 – 14h50 Bespreking
14h50 – 15h20 Psalm 40 Jurgens v Zyl
15h20 - 15h40 Bespreking
15h40 - 16h00 Blaaskans
16h00 - 16h30 Deuteronómium 30:1-8 Hansie Swanepoel
16h30 – 16h50 Bespreking
16h50 – Afsluiting

Navrae: Inligting@volksvergadering.co.za

## Ordereëlings van die Volksvergaderings van die Geloftevolk in Suid-Afrika

1. Reg van toegang is voorbehou vir die Geloftevolk wat as volg bely en gedefinieer is:
    1.1. Die Geloftevolk is daardie volk wat gebonde is aan God Almagtig weens die Skrifte en gekenmerk word deur ons geskiedenis, vernaamlik deur die geloftes wat sedert volksplanting tot stand gekom het, naamlik:– Die Geloftes van: Van Riebeeck [1654]; Bloedrivier [1838] en Paardekraal [1880]. Ons is vanaf die begin Geloftevolk. Alhoewel ons ook as Boerevolk en Afrikanervolk bekend staan, vind ons grootste en vernaamste byeenkomste nog steeds rondom ons Geloftes plaas!
    1.2. Wat bely dat JaHShuAh die MaShiJaH [Jesus die Christus] is en dat Hy die Seun van JaHWeH [die HERE] is en dat Hy die enigste Middelaar is tot die Ewige Lewe in die koninkryk van JHWH [die HERE].
    1.3. Wat gebonde is aan die wet, wat as volg opgesom is:

    **Mat. 22:35-40** [1933/53 Afrikaanse Bybel]

    35 En een van hulle, 'n wetgeleerde, het 'n vraag gestel om Hom te versoek en gesê:

    36 Meester, wat is die groot gebod in die wet?

    37 En JaHshua [Jesus] antwoord hom: Jy moet die HERE jou God [JHWH jou EloHiJM] liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand.

    38 Dit is die eerste en groot gebod.

    39 En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.

    40 Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete.
2. Afrikaans is die taal waarin die vergaderings plaasvind.
3. Die doel en tema van die vergadering soos uiteengesit in die kennisgewing vorm die grense waarbinne daar debat gevoer sal word.
4. Volksgenote is welkom om ander sake aan die komitee op te dra vir toekomstige vergaderings.
5. Geen persone of instansies mag verkleineer of bevorder word nie.

6. Deelnemers aan die vergaderings word versoek om op eerbiedige wyse die aanspreekvorme van ons hemelse Vader, Seun en Heilige Gees te gebruik waarmee hulle vertroud is.

7. Die vergaderings distansieer hul van enige geweldsoptrede teen die huidige bestel, wat 'n strafgerig is wat oor ons gekom het, en enige opruiende deelname of verwante optrede sal tydens die verloop van die vergaderings buite orde wees, tog ywer die vergaderings om hierdie strafgerig te beëindig deur die Aangesig van ons hemelse Vader te soek.

8. Die besluite van die vorige volksvergaderings van die Geloftevolk is bindend op daaropvolgende vergaderings, vernaamlik:

   8.1. Die Geloftevolk se vrywordingsproses moet geskoei word op die grondslag van die Volksgeloftes.

   8.2. Dit noodsaaklik is dat alle middele aangewend word om die Geloftevolk in stand te hou.

   8.3. Die toekomstige staatsmodel van die Geloftevolk, Skrifgefundeerd (op Bybel gegrond) moet wees.

   8.4. Dat die nakoming van die Volksgeloftes 'n Teokratiese staatsmodel vereis, soos hanteer is deur die Teokratiese Komitee en eenparig aanvaar is tydens die Orania Volksvergadering van 2011.

   8.5. Die volgende Teokratiese beginsels word reeds deur die komitee geïmplementeer:

      8.5.1. Raadpleging d.m.v. lotsbeslissing as Teokratiese beginsel word toegepas om die Wil van ons hemelse Vader te wete te kom. Dit word verder omskryf in dokumentasie wat deur die GKK en die TK [Teokratiese komitee] opgestel is, nl. Die Teokratiese verslag[13] [Hoofstuk 2.6.2] asook in Die Konsep Grondwet[14], par.77.2 en verder.

      **Spreuke 16:33** In die skoot word die lot gewerp, maar elke beslissing daarvan kom van JHWH *[die HERE].*

      8.5.2. Die vergadertye van die Geloftevolk is in ooreenstemming met:

      **Deut.16:16** Drie maal in die jaar moet al jou manne voor die aangesig van die HERE jou God *[JHWH jou EloHiJM]* verskyn op die plek wat Hy sal uitkies; op die fees van die ongesuurde brode en op die fees van die weke en op die huttefees; en hulle mag nie met leë hande voor die Aangesig van JHWH *[die HERE]* verskyn nie;

9. Daar sal streng by die ordereëlings gehou word en persone wat nie by die ordereëlings hou nie en sodoende buite orde raak, bring daarmee die heiligheid van die vergadering en die Teokratiese samestelling daarvan in gedrang wat tot oneer van Vader JaHWeH

[13] https://volksvergadering.co.za/Documents/2015042162351_item_Verslag-van-die-Teokrasie-komitee---Finaal.pdf
[14] https://volksvergadering.co.za/Documents/20141028111641_item_2011-08-06%20%20Konsep%20Grondwet.pdf

se teenwoordigheid strek. Hierdeur verval so 'n persoon se toegang tot- en voortgesette deelname aan die vergadering.


9.1. Lede van die GKK moet die voorsitter behulpsaam wees om ordereëlings te handhaaf.

10. Kennisgewing van vergaderings moet vooraf geskied by wyse van hetsy, plakkate, pamflette in posbusse, radio en koerant advertensies, epos, elektroniese media- en platvorms, en persoonlike uitnodigings.

## **Eindnota's**

---

[i] **Die Outentieke Gelofte van Bloedrivier**
Uittreksel uit "Journaal der Expaditie van de uitgewekene Boeren" gehou deur "J. G. Bantjes den klerk des Volks Raads" en gepubliseer in De Zuid-Afrikaan 14 Juny 1839.



Des Zondags morgen, voordat de Godsdienst begon, liet de Hoofd-Kommandant degenen die de Godsdienst zouden verrigten, by malkander komen, en verzocht hen, met de gemeente te spreken, dat zy allen volyverig in geest en in waarheid, tot God mogten bidden, om zyne hulp en bystand, in het slaan tegen den vyand; dat hy aan den Almagtigen eene gelofte doen wilde, (indien allen wel wilden),—"om zoo de Heere ons de overwinning geven mogt, een Huis tot zynes Grooten Naams gedachtenis te stichten, alwaar het Hem zal behagen, —en dat zy ook moesten afsmeken, de hulp en bystand van God, om deze gelofte zeker te kunnen volbrengen, en dat wy den dag der overwinning, in een boek zullen aanteekenen, om dezelve bekend te maken, zelfs aan onze laatste nageslachten, op dat het ter Eere van God gevierd mag worden

**Paardekraal Gelofte** - foto van inskrywing op Graniet in die gedenkmuur van die monument te Paardekraal, Krugersdorp.

